



eduresourceza.com

DAINFERN
College

A world of education...an education for the world!

GRAAD 12	
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL LETTERKUNDE TOETS	
DATUM: 13 MAART 2023	TYD: 1 periode
EKSAMINATOR: Mnr. K. de Bruyn	MODERATOR: Mev. S. Beier
PUNTE: 30	

NAAM: _____**ONDERWYSER/ES:** _____**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie toets bestaan uit **4 bladsye**. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Gebruik jou eie papier en beantwoord al die vrae.
3. Trek 'n kantlyn aan die regterkant van al die bladsye en laat 'n reël tussen elke vraag oop.
4. Skryf jou naam en dié van jou onderwyser op die antwoordblad en jou vraestel.
5. Beplan jou tyd deeglik en skryf in blou of swart ink.
6. Werk netjies. Moenie flaterwater gebruik nie.
7. Skryf al jou antwoorde in Afrikaans

STERKTE!

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

“Met my oë toe word ek egter weer intens bewus van die verraad in my: die ou wat sy eie pa vir die wolwe gevoer het. Dit pyn in my bors. Jy kan skoert van die huis af, Greg, maar so maklik kom geen mens weg van sy eie swakheid nie. Ook nie van die verlede se skaduwee nie.

Ek rol om. Steeds wil die slaap nie kom nie.

Uiteindelik klim ek uit die bed en stap badkamer toe.

(Uit: Hoofstuk 1, bladsy 12)



- 1.1 Waar het Greg skoolgegaan? (1)
 - 1.2 Watter verkeerde inligting maak die koerant oor Greg Owen bekend? (1)
 - 1.3 Wie was Greg se broer en hoe is hy dood? (2)
 - 1.4 Greg se tasse is gepak. Waarheen is hy oppad? (1)
 - 1.5 Wie was die karakter wat deur sosiale manipulering 'n aanval op Greg se pa begin het? Gee altwee moontlike name. (1)
 - 1.6 Waar is Greg se pa op die oomblik? Gee 'n volledige antwoord. (1)
 - 1.7 Op watter twee aanklagte het Greg se pa en Dok Pienaar in die hof verskyn? (2)
 - 1.8 Wie het agter die motor aangehardloop toe Greg en sy ma uit die skoolgronde ry? (1)
- [10]**

VRAAG 2

Plank gaan na Greg se studentewoonstel om met hom te praat. Skryf hulle gesprek neer volgens die konteks van die verhaal.

- 2.1 Plank: Wie het vir jou die pakkie gegee?

Greg: ... (1)

2.2 Plank: Wat 'n dag. Kyk hoe lyk ek? Ek kry 'n boepens. Wonder waarvan?

Greg: ... (1)

2.3 Plank: Ek is alweer in die *dog box* en raai by wie?

Greg: ... (1)

2.4 Plank: Weet jy dat jy dopgehou word, Greg? Stap saam balkon toe dan wys ek jou.

Greg: ... (1)

2.5 Plank: En wanneer is hierdie koerierboks afgelewer?

Greg: ... (1)

2.6 Plank: Kom lees, Greg. Wat sê die brief?

Greg: ... (1)

2.7 Plank: Die Baker? Hoekom is jy weer besig met daardie Nursery Rhyme stuff?

Greg: ... (2)

2.8 Plank: Wat is nog binne in die boks?

Greg: ... (1)

2.9 Wat staan op die laaste bladsy?

Greg: ... (1)

[10]

VRAAG 3

Alle eerstejaarstudente maak altyd nuwe vriende tydens oriëntering. Skryf 'n paragraaf van 80-120 woorde oor die ontmoeting tussen Greg en Chloe.

Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraaf.

Die punte tussen hakies dui aan hoeveel **feite** verwag word.

Skryf die getal **woorde** aan die einde van jou paragraaf neer.

- Wat noem Chloe vir Greg voor haar vriendinne toe hy die voordeur oopmaak? (1)
- Chloe kom haal Greg om Vensters te oefen. Wat is Vensters? (1)
- Wat studeer Chloe? (1)

- Hoe weet die leser dat Chloe 'n baie sterk persoonlikheid het? (1)
- Wie het by Greg en Chloe tydens die Vensters aangesluit? (1)
- Hoekom is Greg nie lus vir die straatpartytjie nie? (1)
- Wie het aan Greg gestamp en bier oor hom uitgemors en wat vra die persoon hom? (2)
- 'n Vrou staan eenkant en hou die eerstejaars dop wat partytjie hou. Hoekom wys Plank die vrou aan Greg uit? (1)
- Waar dink jy het Greg die vrou vantevore al gesien? (1)

[10]**TOTAAL: 30**